higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

TOERISTEBESTEMMINGS N4

13 Oktober 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Die ewenaar (2)

1.2
- Om die ligging van plekke soos lande en dorpe op die aardbol te toon.
- Om geografiese kenmerke soos berge, riviere, mere, oseane, en ander natuurlike kenmerke te toon.
- Om 'n spesifieke ligging, wat 'n land, 'n dorp of stad, 'n streek, 'n aantrekking of 'n provinsiale grense te toon.
- Om grense te toon – geskiedkundig of histories.
- Om landvorms met kontoerlyne en hoogte bo seevlak te toon.
- Om infrastruktuur soos spoorweë, lughawens, akkommodasie en paaie te toon.
- Om oppervlaktestrukture soos geboue en stadions te toon.
- Om temas, soos klimaat, te toon.
- Om skaal en afstand te toon. (Enige 4 × 2) (8)

1.3 Staatkundige kaart (2)

1.4 'n Diagrammatiese voorstelling van 'n grondgebied of see wat fisiese kenmerke, stede, paaie, ensovoorts toon. (2)

1.5
- Riviere
- Bergreekse
- Mere (3)

1.6 'n Woordskaal beskryf die skaal in woorde.
Bv. een sentimeter op die kaart verteenwoordig 500 km op die grond.
'n Lineêre skaal is 'n lyn op 'n kaart wat afstande toon wat in kilometer of myl afgemerk is.
Bv. 20 cm = 500 km op die grond. (2 × 4) (8)

[25]

VRAAG 2

2.1 Kgalagadi-oorgrenspark (2)

2.2 Parys (2)

2.3 Vaalrivier (2)

2.4 Kaapstad
Saldanhabaai (2)

2.5 Oos (2)

2.6
- Johannesburg
- Durban
- Kaapstad (3)

2.7 Rosestad✓✓ (2)
[15]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 C
3.2 D
3.3 A
3.4 B
3.5 C
3.6 D
3.7 A
3.8 B
3.9 C
3.10 D

(10 × 2) (20)

3.11 3.11.1 N17
3.11.2 N12
3.11.3 N3

(3 × 2) (6)

3.12 3.12.1 In Sotho beteken dit 'plek van lig'. (2)

3.12.2
- Arts on Main (kunsgalery)
- Revolution House (kunsgalery)
- Bioscope, 'n onafhanklike filmteater
- 'n Gemeenskapsentrum
- Ontwerpershotelle
- Boetieks
- Oulike restaurante
- Kafees
- Winkels
- Residensiële geboue (Enige 5 × 1) (5)

3.12.3
- Te voet
- Fiets (2 × 2) (4)

3.12.4 Nee (1)

3.12.5 Stad Johannesburg (2)
[40]

VRAAG 4

4.1 KwaZulu-Natal (2)

4.2 Zoeloe (2)

4.3
- Video wat die oorsprong en geskiedenis van die Zoeloe-volk verduidelik
- Tradisionele maatskaplike stelsel van die Zoeloes
- Gevegsformasies
- Huishouding
- Die 'sangoma'
- Die 'inyanga'
- Kralewerk
- Erdewerk
- Bierbrouery
- Spiesgooi (Enige 5 × 2) (10)

4.4 55 hotelkamers✓✓ in die vorm van byekorfhutte✓✓ wat met moderne geriewe, soos DStv (kabeltelevisie) toegerus is.✓✓ (3 × 2) (6)

4.5 'n Tradisionele geneser (2)

4.6
- Net buite Eshowe (die oudste Europese dorp in KwaZulu-Natal) is die pragtige Phobane-meer. Dit het voorheen as die Goedertroudam bekend gestaan, en is bekend vir sy grootte. Dit is die tweede grootste meer in die provinsie en word deur vier riviere gevoed.
- Die Phobane-meer, wat meer as 30 jaar gelede gebou is, is 14 kilometer lank en hou ongeveer 300 miljoen kubieke meter water.
- Dit is in die Umhlatuze-vallei geleë en word omring deur die asemrowende Mabelebele-bergreeks, wat pragtige agtergronde verskaf. Die plaaslike plantegroei wissel tussen akasiabome en bergflora tot kloofwoude en gemengde bosland wat pragtige vergesigte en onvergeetlike fotogeleenthede bied.
- Die verskeidenheid plantegroei beteken ook dat die Phobane-meer en omstreke ideale habitats is vir 'n verskeidenheid dierespesies bied. Voëlkykers sal verstom staan oor die magdom voëls. Dit sluit die langstertvink, gewone melba, blouwangbyvreter, suidelike waterfiskaal, rooivlerktjagra, geelborskleinjantjie, rooiblestinker, rooibekvuurvinkie en rooibeklyster in. Sewe verskillende visvangerspesies, uile, eende en visvalke kom ook hier voor. 'n Uitstappie in 'n boot op die meer met 'n goeie verkyker in die hand bied 'n fantastiese geleentheid vir voëlliefhebbers om 'n middag deur te bring.

Kopiereg voorbehou

- Die suidelike deel van die meer staan as die Umhlatuze-gemeenskapsbewaringsgebeid bekend, en hier kom rooibokke, kameelperde, koedoes, waterbokke en selfs ontwykende luiperds voor.
- Met hierdie oorvloed, bied die Phobane-meer die perfekte wegbreekgeleentheid vir voetslaners, kanovaarders, fietsryers en dié wat die wonder van die Afrika-landskap en wildlewe wil ervaar. (Enige 5 × 2) (10)

4.7
- Sigidi kaSenzangakhona, algemeen as Shaka bekend, was 'n Zoeloe-koning en veroweraar. Hy het in die gebied in suid-oos Afrika tussen die Drakensberg en die Indiese Oseaan, in 'n gebied waar baie onafhanklike Nguni-kapteinsgebiede was, gewoon. Tydens sy kort regeringstydperk is meer as 'n honderd kapteinsgebiede onder die Zoeloe-koningkryk verenig. Die Zoeloe-koningkryk het nie net die dood van sy grondlegger nie, maar ook militêre verowering en doelbewuste pogings om dit te vernietig, oorleef.
- Shaka was die seun van Senzangakhona, hoof van 'n klein, onbeduidende kapteinsgebied, die Zoeloes. Sy ma was Nandi, die dogter van 'n Langeni-kaptein. Inligting oor Shaka se vroeë lewe kom uit mondelinge oorlewering. Daar word beweer dat Shaka in Senzangakhona se huishouding gebore is maar dat die ouerpaar nog nie volgens tradisionele gebruike getroud was nie. 'n Meer getroue weergawe is dat die verhouding tussen Nandi en Senzangakhona ongeoorloof was, en dat Shaka in die Langeni-gebied by Nandi se blyplek gebore is.
- Daar word gesê dat Shaka se naam afgelei is van Senzangakhona se aanspraak dat Nandi nie swanger was nie, maar aan 'n ingewandstoestand gelei het wat deur die iShaka-besie veroorsaak is. Ten spyte van verskeie pogings om vaderskap te ontken, het Senzangakhona Nandi uiteindelik as derde vrou geneem. Shaka het sy kleintyd in sy pa se huishouding, esiKlebeni, naby die huidige Babanango deurgebring, in die heilige plek wat as die EmaKhosini, of Begraafplaas van die Konings bekend was waar Senzangakhona se voorvaders, die afstammelinge van die Zoeloes (Nkosinklulu), vir generasies lank kapteins was. Senzangakhona en Nandi se verhouding blyk ongelukkig te gewees het, en het geëindig toe die kaptein vir Nandi uit sy huishouding weggejaag het.
- Nandi en haar seun het in die Mhlathuze-vallei by die Langeni-mense gaan skuiling soek. Hier was Shaka, as seun sonder 'n pa, die teiken van vernedering en wrede behandeling deur die Langeni-seuns. Teen daardie tyd was daar twee sterk mededingende Nguni-groepe: Mthethwa, onder opperhoof Dingiswayo, en die Ndwandwe, onder die wrede Zwide. Later, waarskynlik teen dit tyd van die groot hongersnood wat as die Madlantule (c.1802) bekend was, is Shaka na die Mthethwa waar hy in Nandi se tante se huishouding skuiling gevind het. Hy het dus by Dingiswayo, wat hulle vriendelik ontvang het, grootgeword. Shaka het egter baie onder die Mthethwa-seuns se afknouery deurgeloop omdat hy gesê het dat hy die afstammeling van 'n kaptein was.

- Namate hy man geword het, het Shaka nuwe talente en vaardighede ontdek. Uiterlik was hy lank en sterk gebou en sy vaardigheid en waagmoed het gemaak dat hy ander jonges in sy ouderdomsgroep natuurlik oorheers het; innerlik het hy na mag gesmag. Toe hy ongeveer drie-en-twintig jaar oud was, is hy tot een van die Mthethwa-regimente opgeroep waar hy baie genoegdoening (wat vroeër aan hom onbekend was) ervaar het. Tussen die impies in die iziCwe-regiment het hy kameraadskap beleef, en die slagveld het plek gebied waar hy sy talente en waagmoed kon toon. Sy uitstaande waagmoed het die opperhoof se aandag getrek en Shaka het vinnig in Dingiswayo se weermag opgang gemaak om een van die vooraanstaande bevelvoerders te word. Teen hierdie tyd is Shaka Nodumehlezi genoem (die een wat die aarde laat dreun wanneer hy sit). Terwyl hy in die Mthethwa-weermag was, het Shaka verdiep geraak in strategie en gevegstaktiek, en het Dingiswayo baie tot Shaka se latere prestasies in oorlogvoering bygedra. Militarisme het vir Shaka 'n lewenswyse geword waaronder duisende ander gely het.
- Volgens Henry Francis Fynn se dagboek was Dingiswayo se dood (c.1818) die gevolg van Shaka se verraad, hoewel dit nie bevestig kan word nie. Dit is egter bekend dat Shaka, tydens Dingiswayo se laaste geveg, eers op die toneel opgedaag het nadat sy opperhoof reeds gevange geneem is. Shaka het dus sy magte ongeskonde behou. Dingiswayo is later deur Zwide vermoor en toe die leierlose Mthethwa-staat tot 'n vol kom, het Shaka die leierskap onmiddellik oorgeneem, die omliggende kapteinsgebiede verower, hul magte by sy eie gevoeg, en 'n nuwe koninkryk tot stand gebring. (Enige 4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 5

5.1 D
5.2 K
5.3 A
5.4 L
5.5 F
5.6 B
5.7 G
5.8 C
5.9 H
5.10 I

(10 × 1) (10)

5.11 5.11.1 N14 (2)

5.11.2 Schröderstraat 158, Upington (2)

5.11.3
- Die donkie
- Die kameel en ruiter (2 × 2) (4)

5.11.4 Desert Palace Hotel & Casino Resort (2)

5.11.5 Upington Internasionale Lughawe (2)

5.11.6
- Uiters hoë temperature
- Somerreënval (2 2) (4)

5.12 Die land is kontrasterend.✓✓ Die droë Kalahari kontrasteer met die welige, groen wingerde langs die Oranjerivier.✓✓ (2 × 2) (4)

5.13
5.13.1 Calvinia, Augustus
5.13.2 Kimberley, Augustus/September
5.13.3 Williston, Augustus/September
5.13.4 Kimberley, Oktober
5.13.5 Upington, September
(5 × 2) (10)
[40]

VRAAG 6

6.1 Bergkoninkryk (2)

6.2
- Tradisionele keëlvormige Basotho-hutte
- Geweefde sybokhaarmatte
- Grasmatte
- Skaapvelprodukte
- Bokhaarprodukte
- Kralewerk
- Juweliersware (Enige 3 × 1) (3)

6.3
- Pragtige rotsformasies en rotstekeninge
- Dinosourusspore (2 × 2) (4)

6.4
- Die park bevat 'n groot verskeidenheid kenmerke soos klowe, watervalle, poele, rotswonings en rotskuns, en unieke ekostelsels van plante, diere en voëls. Dit bied noemenswaardige habitats vir 'n verskeidenheid unieke Afro-Alpynse en sub-Alpynse plante, soogdiere, voëls, reptiele, amfibieë en visse.
- Dit bied skouspelagtige natuurskoon met unieke rotsformasies. Die meeste van die park bestaan uit 'n aangewese wildernisgebied en hoewel dit volgens internasionale standaarde klein is, behou dit sy natuurlike karakter en is onbewoon.
- Die park is die tuiste van verskeie uitstaande biodiverse spesies waarvan sommige endemies en bedreig is. Daar is drie bedreigde spesies, die Maluti-witvissie (Maluti-rooivlerkie, *Pseudobarbus quathlambae*), 'n kritiek bedreigde visspesie wat net in die park voorkom, die kransaasvoël (*Gyps coprotheres*) en baardaasvoëls (*Gypaetus barbatus*).

Kopiereg voorbehou

- Die Tsoelikanyane-waterval is die grootste waterval in die park. 23 persent van die plantspesies in die hele Maluti-Drakensberggebied kom hier voor. Behalwe die unieke blommeprag in die park, is 'n rekordgetal van 65 rotskunsterreine en ander vorms van vroeëre bewoning van die terrein in die park geïdentifiseer.
- Die terrein is op 8 Oktober 2008 in die gemengde kategorie (kultureel + natuurlik) tot die eksperimentele lys van UNESCO Wêrelderfenisterreine ('UNESCO World Heritage Tentative List') gevoeg.
- Die park sal by die Maluti-Drakensberg-oorgrensparkbewaringsgebied, Vredepark, ingesluit word. Sehlabathebe val tans onder die regsgebied van die Ministerie van Toerisme, Omgewing en Kultuur.

(Enige 5 × 2) (10)

6.5
- Kanovaart
- Bootvaart
- Hengel (3)

6.6
- Ski
- 4x4-ritte
- Voetslaan (3)

6.7 6.7.1 Ski (2)

6.7.2
- Junie
- Julie
- Augustus (3)

6.7.3 Afriski (2)

6.7.4 Malutiberge (2)

6.7.5 1 km (2)

6.7.6
- Motengpas
- Mahlaselapas (2 × 2) (4)

[40]

VRAAG 7

7.1 7.1.1 'n Natuurlike of mensgemaakte terrein, gebied of struktuur, wat erkende internasionale status het en daarom spesiale beskerming verdien. Terreine word by die Wêrelderfeniskonvensie ('n UNESCO-organisasie) genomineer en deur hulle aangewys. (2)

7.1.2 Vredefortkoepel (2)

7.1.3 Die meteorietslag wat in die Vrystaat plaasgevind het, het 'n krater van 300 km wyd gelaat (vanaf Johannesburg tot by Welkom!). Dit is die grootste meteorietslag wat nog op Aarde gevind is, en was amper twee keer so groot soos die slag wat die dinosourusse 65 miljoen jaar gelede uitgewis het. Om hierdie rede is die terrein van groot belang vir wetenskaplikes. Dit is ook die diepste krater op Aarde. Dit is hoofsaaklik as gevolg van hierdie redes dat dit as Wêrelderfenisterrein erken is.
Oor vele dekades het geoloë van Suid-Afrika en ander dele van die wêreld die gebroke en gesmelte rotse rondom Parys en Vredefort bestudeer om die Vredefortslag te verstaan. Hulle het die volgende vasgestel:

a. Die meteorietslag het ongeveer 2 023 miljoen jaar gelede plaasgevind toe daar nog nie, soos vandag, mense of selfs diere en plante was nie. Die enigste lewende goed was alge, soos die groen slym wat deesdae in damme voorkom.
b. Om 'n krater te laat wat 300 km wyd is, moes die meteoriet ongeveer 10 km in deursnee gewees het (so groot soos 'n berg) en moes dit teen meer as 10 km per sekonde (36 000 km/h!) beweeg het.
c. Die Vredefortkoepel is slegs die sentrale deel van die slagkrater. Dit word 'n koepel genoem omdat die rotsformasies deur die slag in die vorm van 'n onderstebo bak vervorm is wat 90 km wyd is. (Enige 3 × 2) (6)

7.1.4 Natuurlik
- Dit is sonder enige inmenging deur die mens gevorm. (2 + 2) (4)

7.1.5 Die Vrystaat (2)

7.1.6 Sasolburg (2)

7.1.7 Vaalriver (1)

7.2
- Die Mangaung-metropool
- Xhariep
- Thabo Mofutsanyana
- Fezile Dabi
- Lejweleputswa (5)

7.3
- Goud
- Diamante
- Suikerriet
- Mielies (Enige 3 × 2) (6)

7.4	7.4.1	Informele gelisensieerde drinkplek in 'n township.	(2)
	7.4.2	• Stel townshiplewe aan toeriste bekend. • Skep inkomste vir die plaaslike mense. • Skep werkgeleenthede in die township.	(2)
	7.4.3	• Musiekuitvoerings • Yskoue bier • Kwaito-musiek • Veerpyltjiebord • Buitebandstoele (Enige 3 × 2)	(6)
			[40]
		TOTAAL AFDELING B:	**160**
		GROOTTOTAAL:	**200**

Kopiereg voorbehou